Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 28 September 1949 Prys 3d. No. 45

# OORSAAK EN BETEKENIS VAN RUSSIESE BESIT VAN ATOOMBOM

**Die feit wat waarnemers al aan die begin van die jaar geweet het, naamlik dat Rusland reeds in besit van al die geheime omtrent die atoombom is en teen die helfte van die jaar in staat sou wees om sy eerste atoombom te vervaardig, het verlede week deurgedring tot die bewussyn van die politieke leiers van Amerika en Engeland. Truman en Attlee het gelyktydig in Washington en Londen aangekondig dat inligting verkry is dat die Russe 'n paar weke gelede hul eerste atoombom laat ontplof het. Die nuus het vir die man in die straat soos 'n ontsettende skok gekom — dié mense wat gemeen het dat alles veilig is solank Amerika die monopolie in hierdie afdeling van moderne wapens het.**

**Dat Amerika sedert sy eerste sukses in hierdie rigting met gretigheid gebruik gemaak het van Kommuniste in die ontwikkeling van sy „geheim" omdat niemand meer „demokraties" en meer „Christelik" was as Stalin en sy bende op daardie tydstip nie, het hierdie mense op die straat heeltemal uit die oog verloor. Vir hulle was daar so iets soos 'n „atoomgeheim".**

**'n Paar weke gelede nog het DIE O.B. 'n berig bevat van 'n Amerikaanse geleerde wat nou eers uit die atoom-navorsingsinstituut ontslaan is omdat hy vier jaar lank lid van die Kommunistiese Party was.** Tydens die oorlog en die eerste jare daarna was 'n Kommunis 'n baie groot held in Amerikaanse oë. Die groot vyand wat uit alle betrekkings geweer moes word, was 'n „fascis". **Daarom kon met Rusland en sy satelliete om konferensietafels van die V.V.O. gesit word, maar nie met Spanje nie.** Hierdie boetiespelery met die grootste revolusionêre mag van die wêreld het ten gevolge gehad dat die Russe op die hoogte gehou is met elke ontwikkeling op die gebied van atoomenergie. **Op 3 Augustus jongslede het DIE O.B. berig dat dit aan die lig gekom het dat Rusland nie alleen die geheime uit Amerika ingevoer het nie, maar selfs toerusting vir atoomnavorsing. Op 27 Augustus 1947 het die Russe presies dieselfde toerusting na Rusland uitgevoer as wat Amerika gebruik. Die bestelling is geplaas deur ene Amtorg en dit is bekend dat dit Rusland bereik het.**

### OUNUUS

Dit is dus geen nuus nie om te verneem dat die voorsitter van die Amerikaanse kommissie insake on-Amerikaanse bedrywighede nou verklaar dat hy binnekort 'n verslag sal indien waaruit sal blyk dat die Russe **„elke geleentheid gehad het om Amerikaanse inligting oor atoomsplitsing te bekom"** nie.

Maar dit is nie net uit Amerika wat die Russe geheime en toerusting verkry het nie. Kort voor die beëindiging van die oorlog het die Geallieerde pers berig dat Duitsland besig is om 'n atoombom te maak. Die pers het dit indertyd met heelwat sout geneem omdat geleerdes dit as ongelooflik beskou het dat 'n atoombom moontlik is. **Berigte daarna wou ook dat Hitler reeds oor die bom beskik het, maar geweier het om dit te gebruik. In sy brief aan Churchill wat Die O.B. verlede week gepubliseer het, maak Hermann Goering ook melding van nuwe wapens wat in die Russe se hande geval het wat die Duitse leërowerheid „weens sy afsku vir 'n totale verwording van die stryd tussen families volke" nie wou gebruik nie, en voorspel hy „vreeslike verrassings" vir Churchill. Dit is dan ook bekend dat die Russe die knapste Duitse wetenskaplikes op die gebied van atoomnavorsing ontvoer het.**

### VUURPYLE

Die aankondiging dat Rusland die atoombom het, is deur die Russe bevestig wat aan die begin van die week oor hul radio en in die pers laat aankondig het dat Rusland sedert 1947 oor die geheim van die atoombom beskik.

Die nuus het groot onsteltenis in Europese lande veroorsaak waar verklaar word dat Europa nou aan die genade van Stalin uitgelewer is. **Oral agter die ystergordyn, aldus die berig, het die Russe basisse opgerig vir vuurpyle met atoombomme gelaai wat enige doelwit in Europa kan tref.**

Die besit van die atoombom deur Rusland beteken dat drie lande nou die bom kan maak, naamlik Amerika, Kanada en Rusland. **Engeland beskik nog nie oor die geheim en nodige toerusting om dit te maak nie.**

### SKRALE TROOS

Die Westerse land troos hulleself nou met die gedagte dat Amerika 'n groot voorsprong het of selfs dat die Russe se bom halfklaar ontplof het en sodoende die fabriek ook vernietig het.

(vervolg in kolom 2)

(vervolg van kolom 5)

Wat laasgenoemde betref, kan verwys word na 'n berig in die uiters goed ingeligte blad Intelligence Digest onder redaksie van Kenneth de Courcy wat in Januarie hierdie jaar verskyn het. **Daarin is verklaar dat uit drie en onafhanklike bronne die nuus verneem is dat die Sowjet-leiers hoop om die eerste atoombom in Junie 1949 gereed te hê. Dit is dus nie blote toeval dat die Britse militêre inligtingsdiens nou verklaar dat die eerste ontploffing in Junie plaasgevind het en die tweede 'n paar weke gelede nie.**

Wat die kwessie van voorsprong betref, word daar gevrees dat Rusland 'n ander metode as Amerika mag gebruik, aangesien hy sy bom so vinnig gemaak het.

### ENGELAND BLOOTGESTEL

Rusland se besit van die atoombom sal meebring dat Amerika baie versigtiger in die vervolg sal optree en sy bes sal doen om oorlog te vermy, want al sou hy oor beter en meer bomme beskik, het die Russe die voorsprong dat hul nywerhede oor 'n onmeetbare gebied uitgestrek lê, terwyl Amerika met 'n paar bomme in die slagare van sy groot stede lamgelê kan word.

**Die ontwikkeling, wat Engeland nou geheel en al blootstel aan 'n Russiese atoom-aanval, sal waarskynlik ook meebring dat die onsydigheidsrigting in Engeland sterk veld sal wen. Die Britse volk sal graag neutraal wil bly in 'n botsing tussen Amerika en Rusland. Dit is 'n punt wat in gedagte gehou kan word in die toekoms.**

# WESTERSE POLITICI VERSPEEL NOG 'N GELEENTHEID

**Die blad Intelligence Digest, wat al meermale deur Die O.B. aangehaal is, verklaar in sy jongste uitgawe dat hoewel Rusland reeds oor die atoombom beskik, dit nie die hoop vir 'n Westerse oorwinning verduister nie. Daar is ander faktore wat dui op groot afname van die Russiese krag. Wydverspreide ontevredenheid word in die Kommunistiese lande waargeneem. Die moeilikheid kom van twee kante. Eerstens is daar die broedertwis tussen Kommuniste self, soos byvoorbeeld die verwydering van Tito se Joego-Slawië, en tweedens is daar die groeiende verset van die tradisionele bewegings van nasionalisme, die kerk en die boere.**

**Die blad vrees egter dat die politici aan bewind hierdie geleentheid om Rusland inwendig te verswak, net so verby sal laat glip as wat hy sy voorsprong met die atoombom deur die hande laat gly het.** Die blad het steeds daarop aangedring dat daar 'n ultimatum aan Rusland gestel moes word om uit Oos-Europa te trap. Hy was oortuig dat die Russe sou terugval en nie veg nie.

Nou bly daar net hoop op inwendige moeilikheid oor om bloed te bespaar, maar die regerings gee geen aandag daaraan nie. Sowel Rusland as sy satelliete is ryp vir propaganda en ondergrondse steun, indien die politici aan bewind dit maar net wil aanpak. Tot watter mate die Russe hierdie gevaar self vrees, blyk uit die feit dat hulle besig is om groot volksverskuiwings uit te voer. Groot dele van die Mohammedaanse bevolkings in Suid-Rusland word verskuif en hul plekke deur Russe vervang.

## Rooi Slagoffer Tevrede Met Doodvonnis

Die voormalige Hongaarse Minister van buitelandse sake, Laszlo Rajk, is verlede week ter dood veroordeel deur 'n Kommunistiese hof op aanklag van verraad. Nog twee aangeklaagdes het die doodstraf ontvang, terwyl ander tot lewenslange opsluiting en korter termyne veroordeel is. Twee offisiere is vir herverhoor na 'n militêre hof verwys.

**Rajk het gesê dat sy doodvonnis regverdig is.**

Inmiddels het maarskalk Tito van Joego-Slawië 'n kwaai protesnota aan Hongarye gerig waarin na die verhoor verwys word as 'n „geregtelike klug."

(Sien ook berig op bladsy drie)

## Erkenning Vir Rooies Dog Nie Vir Spanje

**Die Britse regering het besluit om de facto erkenning te verleen aan die nuwe Kommunistiese bewind in Sjina, na uit Londen berig word.**

**Die Britse haas om 'n rooi regering in Sjina te erken, staan in skerpe teenstelling met sy beleid teenoor Spanje wat veral van Britse kant nog steeds as 'n onaanraakbare in die Westerse volkegemeenskap misken word. Die beswaar teen genl. Franco se bewind is dat hy deur Duisland en Italië teen die kommuniste gehelp is. Dat Rusland die huidige bedreiger van die wêreld is wat die Kommuniste in Sjina daadkragtiglik ondersteun het, is 'n te nuwe feit vir die partypolitieke geeste van Brittanje om te snap.**

## REPUBLIKEINSE ARTIKEL IN GEDRANG

**Daar heers op die oomblik heelwat beroering in partypolitieke kringe weens beskuldigings en ontkennings in verband met 'n beweerde voorgenome wysiging van die Verenigde Party se konstitusie ten opsigte van sy „republikeinse artikel". Dit is natuurlik nie so algemeen bekend dat ook die V.P. sy „republikeinse klousule" het nie — solank daar republikeinse stemvee is, sal sulke artikels in partykonstitusies voorkom.**

**Die betrokke artikel laat vryheid aan sy lede om hulle te beywer vir enige verandering van staatsvorm.**

**Kort gelede is in die regeringspers berig dat die V.P. hierdie artikel wil skrap op aandrang van Natalse ondersteuners. V.P.-leiers ontken die bewering en verklaar dat die klousule hulle nie verhinder om republikanisme „sterk teen te staan nie!"**

**In elk geval maak dit nie veel verskil of 'n party republikeinse klousules het of nie. Partye wat in die verlede klousules gehandhaaf het wat 'n republiek nastreef, het nog elke keer daardie klousule opgeskort voordat hulle aan bewind gekom het. Die bestaan of nie bestaan van republikeinse klousules verander dus niks aan die kom of wegbly van die republiek nie. Dit het wel sy uitwerking op die hoeveelheid stemme wat 'n party kry.**

# Brittanje Begeer Nog Steeds Rooi Spaanse Bewind

**Volgens 'n berig in die Engelse pers het die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Dean Acheson, vir Ernest Bevin, Britse minister van buitelandse sake, tydens laasgenoemde se besoek aan Washington, reguit gesê dat Amerika nie sal toelaat dat die Franco-bewind in Spanje deur 'n rooi bewind omver gewerp word nie.**

**Hy het verklaar dat hoewel Amerika nog nie lus het om volle erkenning te verleen aan Spanje nie, Amerika nie wil toelaat dat die Kommunisme verder in Europa uitgebrei word nie.** Hy het derhalwe aan die hand gedoen dat die Amerikaanse en Britse regerings gesamentlik pogings aanwend om Franco te oorreed om 'n meer „liberale" beleid te volg.

Sedert die dae toe die huidige Britse Eerste Minister, Clement Attlee, saam met die Spaanse Kommuniste by geleentheid van sy besoek aan Rooi Spanje tydens die burgeroorlog, die rooi saluut met sy gebalde vuis gegee het, is die Britse regering nie geneig om Kommunisme as 'n groter gevaar as die nasionale bewind van Franco te aanvaar nie. Hulle verlang nog steeds die herstel van die destydse rooi bewind — al beteken dit verdere uitbreiding van die Kommunisme in Europa. **Die berig meld naamlik dat hierdie waarskuwing van Acheson geen indruk op Bevin gemaak het nie, maar dat hy aangevoer het dat die „openbare mening" in Engeland en Frankryk baie sterker teen Franco is as wat die geval in Amerika is.**

**Vir hierdie ou stemsoekende politikus is 'n paar stemme in Engeland op hierdie stadium nog veel meer werd as die oorheersing van Europa deur Kommunisme.**

## Rooi Republiek In Sjina

Meer as 600 afgevaardigdes het verlede week in Peking vergader om die konstitusie van die Kommunistiese Sjinese republiek op te stel. Die Kommunistiese leier, Mao Tsetoeng, het in sy toespraak gesê dat die eerste taak van die nuwe republiek moet wees om met Sowjet-Rusland en die „nuwe demokratiese lande" te verenig.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### HUWELIK

**GERSBACH — TALJAARD.—** Hiermee maak ons, Marie Gersbach van Potchefstroom en Paul Taljaard (Boerejeugstafhoof) van Goodwood bekend dat ons op Saterdag 1 Oktober om 3 nm. in die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Potchefstroom, in die huwelik tree. 28/9/1

### ALGEMEEN

**„BERGHEIM" — Vakansieoord, Posbus Kroondal, RUSTENBURG. Telefoon 1023, Rustenburg.**
Goeie smaaklike etes, elektriese lig, binneveermatrasse, water in kamers, perdry, beste swembad, tennis en ander sport. Mooiste plek van omgewing. Terme redelik. —
**K. J. H. Behrens.**

### TE KOOP

**BOERMEEL** met ons bekende steenmeule gemaal 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Lê-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-. Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

**DEKRIET: DEKRIET:—** Stuur u betellings vir Dekriet aan ondergetekende. Net die beste gehalte riet onder persoonlike toesig word gelewer. **J. S. Badenhorst, Bus 3, Albertinia.** 22/6/4.

**PATATRANKE:—** Sesmaande 83 lb. 7/-; driemaande wit 83 lb. 8/-. Steggies reg vir plant ses- en driemaande 6/- per 1000. Borrie 7/-. Gelewer SERPENTINE. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. **B. H. Gerber, C/Sn., P.K. Hoekwil, George.** 24/8/TK

**WATTELPALE EN SPARRE. —**
Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: **L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown.** Kontant met bestelling. 31/8/TK

### GROENTESAAD

**VARS GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb., 9/- ¼ lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS,** Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon** 1063. As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswilig. 21/9/TK

### MEUBELS

**MEUBELS. —** Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, **Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke Tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.** 19/1/TK

### TEE

**CEDERBERG-ROOIBOSTEE:** Ondersteun u eie S.A. produk; suiwer eerstegraad spesiaal gekweek vir sy besondere geur en voordeligheid: **Verpakker „Teekoning", Citrusdal, K.P.** 22/6/TK.

● ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

*Indien u graag* **4%** *rente op u spaargeld wil verdien, tree in verbinding met u eie onderneming.*

**SAAMBOU**

**(Permanente)**

**BOUVERENIGING**

**HOOFKANTOOR:**
**Sanlam-gebou — Waalstraat 28 — Kaapstad**

**TAKKANTOOR:**
**Transvalia-gebou — Sentraalstraat — Pretoria**

● **Bate oortref £1,350,000** ●

# Onverstaanbare Weë Van Partypolitici

**Kritiek op die partypolitieke verknoeiing van landsvraagstukke is vervat in 'n artikel in die jongste uitgawe van Koers deur prof. dr. D. W. Kruger. Hy verklaar dat die kleurvraagstuk en Suid-Afrika se verhouding tot die Britse Statebond sedert jare al op die speelbord van die partypolitiek geplaas is met ongelukkige resultate vir die land as geheel. Hy skryf:—**

„Intussen is ook Suid-Afrika begerig om aansluiting by die Westerse blok te soek. Die regering wil graag die Atlantiese Verdrag onderskryf en daar word selfs militêre samesprekings met Engelse en Amerikaanse instansies gehou. Reeds is offisieel verklaar dat die Unie se taak in 'n botsing tussen Ooste en Weste sal wees om die Kaapse seeroete te beveilig terwille van algemene strategiese oorwegings. Oor hierdie saak is daar weinig onderlinge verdeeldheid in ons land, maar anders is dit gesteld wat betref fundamentele vraagstukke soos die kleurbeleid en ons blywende verhouding met die Gemenebes. Hierdie is albei sedert jare al op die speelbord van die partypolitiek geplaas **met ongelukkige resultate vir die land as geheel.**

**„ONVERSTAANBAAR"**

**„Wat die eersgenoemde betref, is dit onverstaanbaar dat mense wat in hulle harte saamstem oor die groot beginsel van geen gelykstelling maar apartheid, tog vir politieke gewin elke regeringsmaatreël in daardie rigting opponeer (as daaraan gedink word dat die parlementêre grondwet vereis dat daar 'n opposisie MOET wees wat die regering voortdurend in alles opponeer, is dit natuurlik nie so onverstaanbaar nie. — RED).** Regeringsondersteuners is weer te geniegd om te dink dat klein praktiese maatreëls in kantore en op stasieperronne 'n oplossing van die probleem daarstel. Die vraagstuk is in werklikheid van nasionale omvang en meer nog, ook internasionaal, want op die duur sal slegs territoriale skeiding tussen die rasse bevrediging gee. **In elk geval is dit totaal onnodig dat die politieke partye stry oor die vraagstuk, want fundamenteel is die verskille nie so groot nie.** Met die intellektuele en kateder-liberaliste is dit anders: hulle is openlike en eerlike kampvegters vir 'n saak wat in hulle oë reg is en hulle pleit reguit vir praktiese gelykstelling . . . .

**„SINISTÊRE ROL"**

„Wat betref ons buitelandse politiek en ons verhouding tot die Gemenebes, geld dit nie hier die tydelike saak nie, want daaroor is daar op die oomblik nie veel verdeeldheid nie, **maar die permanente verhouding van die toekoms. Die afgelope parlementsitting het andermaal aan die lig gebring dat ook hier partypolitiek 'n sinistêre rol speel, veral toe die nuwe wet op Unieburgerskap aan die orde van die dag was.** Die opposisie het getoon dat hulle nog steeds besield is met 'n Britse Rykskompleks wat reeds jare uit die mode is. Die gemoed van 'n deel van die bevolking is nog altyd, as ons die partypolitici moet glo, vervul van 'n vreemde liefde teenoor die Empire wie se nimbus vir hulle nog nie vergaan het nie. Hierdie teenkanting het plaasgevind wetende dat die nuwe maatreël die wetgewing slegs in ooreenstemming gebring het met die konstitusionele ontwikkeling van die Gemenebes, wat, danksy die hulp van die Britse regering, nie meer Brits is nie, sodat die gemeenskaplike burgerskap vanself verval. **Dit is dan nou werklik die geval dat Suid-Afrika sy vrywording nie aan daardie mense te danke het nie, maar dat dit ten spyte van hulle plaasgevind het. Dit is inderdaad 'n kommentaar oor ons parlementêre taktiek en politiek."**

Die skrywer verklaar dan ten slotte dat dit een van die euwels van die huidige parlementêre stelsel is wat ons geërf het, maar dat ons dit blymoedig moet verdra „by gebrek aan iets beters".

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# IETS IS VERKEERD

## DEVALUASIE

**Piet, Paul en Klaas, Kaapstad, skryf:**

„Fortuine op straat gemaak."

„Koorsagtige Handel in goudaandele."

„Goudaandele sal hoogte in skiet."

„Wilde tonele op aandelebeurs."

Hierdie dinge is blykbaar ons demokratiese voorreg veral as jy aan 'n onnodige oorlog deelgeneem het en nou die gevolge daarvan moet uitstaan.

Devaluasie, goed en wel maar waarom moet die gewone man, die weduwee, wees, en die salaristrekker en loonarbeider steeds toesien hoe die koopkrag van sy spaargeldjies en inkomste minder en minder word terwyl die beursdobbelaars fortuine maak.

Die volkstaat of gesagstaat word afgekeur en die demokrasie tot in die hemele hoog vir ons voorgehou. Maar daar is darem iets radikaals verkeerd met die veelgeprese demokrasie as die massamens maar altyd die spit moet afbyt terwyl die beursspekulante verder verryk word.

Devaluasie ja, maar in geen volkstaat sal 'n toedrag van sake toegelaat word waar miljoene „op die straat" en geldbeurse gemaak kan word terwyl die werker maar tevrede moet wees met die verminderde koopkrag van sy verdienste.

Die kommuniste sê ons sal nou moet harder werk en minder kry. As ons die propaganda vir 'n kommunistiese Paradys (wat inderdaad 'n slawestaat is) doeltreffend wil bestry dan moet daar seer seker 'n verandering gemaak word aan ons bestaande stelsel wat toelaat dat miljoene op die geldbeurse deur mense gemaak kan word waarvoor hulle nie 'n steek produktiewe werk gedoen het nie.

As die waarde van ons goudaandele met meer as £80,000,000 in minder as twee dae kan styg dan is dit hoog tyd dat die staat die beherende aandeel in ons goudmyne kry.

# VRA ORGANISASIE

**Mev. S. F. Theron, Koffiefontein, skryf:**

As 'n mens die besielende toespraak lees wat prof. van Rooy, Boerejeugleier en voorsitter van die Grootraad, te Rawsonville gelewer het, dan voel 'n mens verheug dat daar leiers van ons volk is wat die groot vraag kan beantwoord wat vandag op so baie se lippe is, nl. **wat gaan ons vind by Monumentkoppie op 16 Desember 1949?**

Met onrus in hul harte word daar gepraat van wat daar by die onthulling van die Bloedrivier-monument (1947) plaasgevind het. Die eer van God is geskend deur die plaatopname van die ou naturel Äàron, wat die oorwinning van 'n vrome volk toeskryf aan „skinderstories onder die Impi's van Dingaan."

Die volk mag verskil van opinie omtrent 'n party maar nooit oor die heilige erfenis wat vir hulle nagelaat is deur ons voorvaders nie. Vandaar dat op Koffiefontein gevoel word dat 'n deel van die masjien van die Ossewabrandwag taamlik geroes en uit werking is en heelwat herstelwerk nodig het; wat nie langer mag uitgestel word nie.

As 'n mens in aanraking kom en effens redeneer met persone in hierdie omgewing, van watter party ook al, kan dit duidelik bemerk word waarna die mense strewe. Redenasies word gestuur na die strewe van die O.B. in sy beginstadium. Skinderstories egter belet die meerderheid om met gesag te praat van die O.B. van vandag. Van meer as een is vrae aan my persoonlik gestel: „Waar is julle leiers dan, ons wil hulle sien, ons wil hulle vrae stel, ons wil weet waarom dit of dat gedoen is, en so meer." Verduideliking help niks, want hulle weet beter as die lede self. Dit wil voorkom dat die mens na iets hoër en edeler smag. Trouens dit is baie lank gelede dat hier 'n vergadering deur ons leiers toegespreek is. Soiets sal seker baie groot byval vind en dit nog voor Desember maand.

Ons wil graag optrek na Monumentkoppie toegerus met daardie deel van prof. van Rooy se toespraak, nl., „in wie se lewens vooraf gaan My God en dan my Volk en my Land."

Ons wil ons gelofte gaan betaal aan 'n Lewendige Almagtige God, wat selfs vandag nog die mag het om groot wonders te doen. Dit sal egter baie jammer wees, as 'n deel van hierdie beweging in onkunde hulle ideale moet gaan wegbêre agter die Monument.

Daar is egter nog tyd vir reparasiewerk aan hierdie verslete deel van die masjien.

# STAAN VAS

**Mnr. S. M. Venter, Eyam, oor Pietersburg, skryf:**

Ek hou nog steeds aan die Ossewabrandwag en staan nog op die regte plek van die begin af. Ek sê: Lank lewe die Ossewabrandwag! Moenie dat genl. Smuts julle omloop met die fees nie! Staan vas en wees kloekmoedig.

# SIELKUNDIGE WONDER IN RUSSIESE HANDE

## VAN BRITTE AFGEKYK?

**„Met 'n merkwaardige helderheid van geheue en uitdrukking het hy (Laszio Rajk) sy agtien jaar van verraad beskryf." So lui 'n berig in die Kommunistiese pers in verband met die verhoor van die Hongaarse politikus wat voorverlede week saam met sewe ander aangekla is van hoogverraad in een van die nou reeds bekende Kommunistiese verhore in die Balkan-lande, waar beskuldigdes hulself aankla, soms van dinge wat hulle onmoontlik in staat was om te kon doen.**

In die onderhawige geval is 'n verhoor geopen wat meer bedoel is om teen maarskalk Tito van Joego-Slawië gerig te wees as teen die beskuldigdes self. Rajk se 18-jarige selfaanklag draai vir 'n groot deel rondom die Joegoslawiese ongunsteling van Moskou. Tito, aldus sy „merkwaardige heldere" verklaring, was vir die afgelope paar jaar al in diens van Amerika as 'n geheime agent saam met ander politici rondom Tito.

Sommige van die beskuldigdes het vrywillig die doodvonnis gevra en gesê dat hulle nie werd is om te lewe nie.

Die Weste gis al sedert die dertiger jare oor die eienaardige verskynsel dat Russiese aangeklaagdes eintlik nie 'n staatsaanklaer nodig het om hul skuld te bewys soos in Westerse lande nie — hulle vervul self die rol van aanklaer al eindig dit keer op keer op hul „likwidering". Allerlei teorieë is opgebou wat wissel van foltering en verdowingsmiddels tot sielkundige bearbeiding. Reeds jare gelede het voortvlugtige Russiese hoë amptenare beweer dat sielkundige behandeling 'n baie groot rol speel in die hofsake, hoewel martelling van die slagoffers nie uitgesluit is nie. Daar is verklaar dat die geestelike peil van die slagoffer beslis watter middels gebruik gaan word, sodat hoogontwikkeldes oor die algemeen sielkundig ingebreek word met metodes wat vir die Weste nog onbekend is.

### DUITSER AS VOORBEELD

'n Voorbeeld van hierdie metode word gevind in die boek van Hans Fritzsche, bekende radio-kommentator tydens die oorlog, wat ná die val van Berlyn deur die Russe gevange geneem is. Nadat die Russe hom 'n tyd lank onder hande geneem het, het hy 'n verklaring van selfaanklag onderteken. Die bestaan in die tronk is afgewissel met eensame opsluiting in 'n sel van drie by drie voet op 'n hongerrantsoen en skerpe ondervraging in aangename omgewings. Hoewel hy nie kon lê in sy sel nie en honger moes ly, is hy baie vriendelik deur die wagte behandel wat hom aangemoedig het om sy eie toestand te verbeter deur toe te gee. Hy praat dan ook met groot lof van die wagte. Die taktiek is dus om sonder geweld toestande te skep wat die slagoffer aan die randjie van kranksinnigheid bring en hom laat hunker na 'n verbetering van sy posisie — iets wat dan ook stap vir stap bereik kan word deur toegewings aan sy kant onder die vriendelike teregwysing van sy bewaarders. Selfs die gehardste gestel is na 'n korter of langer tydperk nie teen so 'n behandeling bestand nie. In dié verband het die Amerikaanse tydskrif Life as volg opgemerk na aanleiding van die boek van Fritzsche:

### WIL BEMIN WEES

„Die eienaardige van die NKWD (polisie) is dat dit nie net 'n skulderkenning nastreef nie, maar ook bekering. Dit is die siel van die hele stelsel. **Die gedrog wil bemin wees deur sy slagoffers, en in Fritzsche se geval, soos in so baie ander, het hy daarin geslaag. Fritzsche wil ons laat glo dat die Lubianka (tronk) nie 'n folterkamer is nie, maar eerder iets soos 'n ‚harde godsdienstige instelling vir die opleiding van dwepers'. Dit sê hy nadat hy byna van die honger omgekom het. 'n Persoon se oorgawe aan 'n mag kan nie meer volledig as dit wees nie."**

Gedagtig aan hierdie soort metodes wat daarnatoe lei dat die slagoffer uiteindelik enigiets bevestig wat sy martelaars sal behaag, is die geheue-helderheid van 'n selfaanklaer soos die Hongaarse Kommunis Rajk ten opsigte van 'n tydperk van „18 jaar" nie meer so merkwaardig nie. Merkwaardig bly maar net die feit dat 'n mens se gees so gebreek kan word dat hy die eie lewe vertrap om die vyand te behaag.

### BRITSE VOORBEELD

En snaaks genoeg was Rusland nie die eerste om hierdie beginsel toe te pas nie, hoewel sy meedoënlose misbruik daarvan op enkelinge wat hy wil vernietig, skokkend nuut is. **Dieselfde sielkundige beginsel word vir die afgelope halwe eeu reeds deur die Britse diplomasie toegepas op verowerde volke — met dieselfde opspraakwekkende sukses. Volke wat geplunder en vertrap is soos ook die Boerevolk, word deur 'n stelsel van geleidelike verbetering van toestand onder die vriendelike aanmoediging van die oorheerser uiteindelik tot so 'n mate van selfverloëning gebring dat hulle bereid is om enigiets te offer wat die veroweraar — wat nou aanvaar word as „die moeder van ons vryheid" — sal behaag.**

## Hoofgeneraal Oorlede

Onder blyke van groot deelneming is die stoflike oorskot van mnr. David J. Strauss, van Saamwerk, Reddersburg, Saterdag, 27 Aug., van uit die N.G. Kerk op Reddersburg ter aarde bestel. Wyle Mnr. Strauss is op 61-jarige ouderdom oorlede nadat hy twee maande in die Nasionale Hospitaal deurgebring het weens akute hartaanvalle.

Die oorledene is as twaalfjarige seun gedurende die Tweede Vryheidsoorlog na 'n konsentrasiekamp geneem. Hy



het ook aan die Rebellie deelgeneem en in die tronk op Kimberley beland waar hy sewe maande moes deurbring.

Daarna het hy ses jaar lank in die distrik Heilbron en vyf jaar lank in die distrik Wepener geboer. In 1925 het hy na die plaas Saamwerk gekom. Sedert 1927 was hy ononderbroke lid van die plaaslike skoolkommissie en Weëraad. Hy was ook etlike jare lank lid van die skoolraad en voorsitter van die distriksbestuur van die Nasionale Party en boerevereniging. Sedert die stigting van die Ossewabrandwag het die oorledene 'n leidende aandeel in die Beweging geneem en is in die hoedanigheid as Hoofgeneraal van Gebied C oorlede. Ook het hy sy kerk as diaken gedien en was bekend as 'n groot kindervriend.

In 1916 is hy met Mej. C. M. Marais, van Heilbron, getroud en uit die huwelik is 'n dogter en seun gebore.

Die roudiens in die kerk is waargeneem deur ds. G. Naudé en Mnr. H. J. Strauss, broer van die oorledene, het die bedankings gedoen.

# PETROLTOESTAND IN GEVAAR

**Petrolrantsoenering kan te enigertyd na twee maande verwag word, het die Minister van Ekonomiese Sake verlede week aangekondig. Daar word egter vermoed dat dit nie voor die begin van aanstaande jaar sal geskied nie omdat dit die feesreëlings aan die end van die jaar by die Voortrekkermonument te veel in die wiele sal ry.**

Die Minister het 'n beroep op motoriste gedoen om blyke van groter besparing in die volgende maande aan die dag te lê, so nie sal 'n koepon-stelsel ingevoer word. Dit sal egter verskil van die oorlogse rantsoenering deur dat koepons sesmaandeliks uitgereik sal word, en dat dit oordraagbaar sal wees — dog nie verhandelbaar nie. Mense wat vakansie wil gaan hou sal die reg hê om 'n voorraad koepons op te bou vir die doel.

Weens devaluasie sal die prys van petrol ook noodwendig styg. Vir ongeveer twee-derdes van die Unie se petrolvoorrade moet in dollars betaal word, wat 'n verhoging in koopprys van ongeveer een-derde meebring. Omdat belasting, vervoer binne die Unie en kleinhandelspryse onveranderd bly, sal die verhoging egter nie een-derde van die huidige prys wees wat die motoris betaal nie.

# EMPIRE-PARTY KAN SELFS NASIONAAL „OPPONEER"

**Dat 'n Empire-party in die vervulling van sy taak as amptelike opposisie selfs nasionale kritiek kan lewer wanneer 'n Nasionale party 'n Empire-daad doen, is die afgelope week bewys toe Die Suiderstem plotseling luidrugtig geword het oor die goudlening wat voor devaluasie ten volle teruggevorder is van Brittanje waardeur die Unie nagenoeg £6 miljoen aan Brittanje present gegee het.**

Die blad beskuldig die regering dat hy die land 'n verlies van £35,200,000 op die hals gehaal het deur in die afgelope maande die hele lening in sterling terug te vorder. „As die Malan-regering nie die goudlening opgevorder het nie, sou die lening oor anderhalf jaar £35,200,000 meer werd gewees het", aldus die blad.

Ook Die Burger het verbasing uitgespreek oor die feit dat die laaste deel van die lening opgevorder is op 'n oomblik toe Suid-Afrika dit nie nodig gehad het nie en dit reeds bekend moes gewees het dat daar tot devaluasie besluit is. Die blad meen egter dat daar goeie redes voor moet wees.

**Die kritiek van Die Suiderstem is 'n interessante openbaring van die werkinge van die partypolitiek en toon hoe hopeloos onmagtig enigiemand is om binne hierdie stelsel eenheid van sin te verkry ten opsigte van enige volksaak, want as 'n Empire-party selfs nasionale kritiek kan uitoefen net omdat dit sy taak is om as opposisie van die regering te verskil, dan bewys dit tog hoe onmoontlik dit is om eenstemmigheid te verkry ten opsigte van vraagstukke wat hom verder om die hart lê as sy Empire.**

## DEVALUASIE

(vervolg van bls. 4 kol. 5)

verminderde volume moet betaal.

Aan die debietkant sal devaluasie die Britte dus min of niks baat nie. Wat van die kredietkant?

### BRITTANJE SE UITVOERE

Uitvoere van die Verenigde Koninkryk na Noord-Amerika het gedurende die eerste helfte van 1949 teen 'n koers van £520 miljoen per jaar plaasgevind. Vir 60 persent hiervan was Kanada verantwoordelik. Kanada gaan gebuk onder haar eie probleme en sal nie veel addisionele hulp kan verleen nie. Daar word gehoop dat die V.S.A. nou baie meer van Brittanje sal koop omdat laasgenoemde se produkte nou 44 persent goedkoper word. Die probleem is egter dat die aanvraag van die Amerikaners vir invoere nie besonder gevoelig is ten opsigte van pryse nie. Slegs 'n baie geringe deel van die Amerikaanse invoere word wel in die V.S.A. gekoop omdat pryse laer is as dié van binnelandse produkte. Die res is nie-konkurrerende grondstowwe. Onthou moet **word dat om in die toekoms weer £520 miljoen in Amerika te verdien die Britte om en by 44 persent meer sal moet uitvoer in terme van volume. Verder weens die hoër koste vir die Britte van grondstowwe en voedsel, sal die produksiekoste ook mettertyd styg, veral wanneer die sterk arbeidersbeweging op hoër lone aandring.** Britse handelaars het dit ook nog altyd makliker gevind om na nie-dollarlande uit te voer, vanweë die beleid en optrede van die owerhede, en deur devaluasie word hierdie toestand nie verander nie.

**Skrywer hiervan het nog altyd met Cripps saamgestem dat devaluasie nie Brittanje se betalingsbalansprobleem gaan oplos nie. Hierdie mening is vandag nog geldig. Dat Brittanje wel tot devaluasie oorgegaan het, moet beskou word as òf 'n wanhoopsdaad, òf as die resultaat van politieke druk uit die V.S.A.**


**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

(Edms.) Bpk.

MOREMARK (Posbus 7188) Newtown




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir **Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."



**Besien Suid-Afrika—**

beskerm deur

'n Motorpolis by

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-12a

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

**GEHOORAPPARAAT**

**OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**

**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

DIE O.B., WOENSDAG, 28 SEPTEMBER 1949

# SELF 'N EUWEL

Een van die onverstaanbare dinge in ons volkslewe is die hardnekkigheid waarmee gewone lede van die volk vaskleef aan 'n politieke stelsel waarvan hulle self niks goeds verwag nie. Dat partypolitici so 'n houding kan aanneem, is meer verstaanbaar, daar hulle ten minste nog persoonlike voordeel daaruit kan haal en origens so geskoold is in die stelsel dat hul hele denke net daarop gerig is. Die enigste verklaring vir hierdie algemene houding van die volk skyn te wees dat die on-Afrikaanse propaganda sielkundig dermate ingeslaan het dat hulle heeltemal gewillig is om hul eie erfenis as gevaarlik en afwykend te beskou, **net soos die slagoffers in Russiese howe ná deeglike bearbeiding gewillig is om hul eie opvattings en selfs hul eie lewens as synde gevaarlik vir die dierbare vyand, te laat vernietig.** Geen ander verklaring kan daarvoor gegee word nie.

Elders in hierdie uitgawe verskyn byvoorbeeld kritiek van 'n professor op die partystelsel. Die gedrag van die politici ten opsigte van twee kardinale vraagstukke verbaas hom en geredelik bring hy die oorsaak daarvan tuis by die parlementêre stelsel wat ons „geërf" het. **Maar verder as dit kom dit nie.** Inteendeel, die volk word aangemoedig om hierdie las maar blymoedig te dra, want iets beters is daar nie.

## GEEN ERFENIS

**Die fout wat natuurlik gemaak word, is dat die parlementêre euwel as 'n soort konstitusionele erfenis beskou word.** Koerante en napraters speel dan ook graag met die sentimentele voorstelling dat die partystelsel 'n ontwikkeling van ons eie geskiedenis is wat deur jare van gebruik en weens sy voorvaderlike afkoms 'n mate van heiligheid bereik het wat alleen deur rampokkers aangetas kan word. **As aan hierdie mense gesê word om te bewys dat daar 'n partystelsel in een van die Boere-republieke in swang was deur byvoorbeeld net te noem wie die regering- en wie die opposisie-party in Transvaal of die Vrystaat was, dan kom die lamme argument dat „indien die Engelse oorlog nie gekom het nie daar in allewaarskynlikheid 'n partystelsel sou ontwikkel het."**

Dat so 'n ontwikkeling reeds in 1893 deur ons voorvaders in die kiem gesmoor is deur middel van wetgewing, is vir hierdie mense blykbaar 'n onsmaaklike feit.

**'n Mens kan jouself alleen afvra waarom mense vandag 'n stelsel aanvaar wat hulle agt jaar gelede verwerp het as 'n „karikatuur van die demokrasie" en waarom hulle vandag 'n stelsel verwerp as „onprakties" wat hulle agt jaar gelede voorgehou het as 'n erfenis van die Boerevolk wat weer herstel moet word. Artikel (6) van die Federale Raad van die H.N.P. se „Toekomsbeleid" — wat in 1941 uitgegee en nog nooit herroep is nie — lui as volg:**

„Die Boerenasie, wat die skepper en beskermer van ons eie Suid-Afrikaanse nasieskap is, het in die Boere-republieke 'n stelsel ontwerp wat ons eie is, wat hemelsbreed van die Britse parlementêre stelsel verskil en tog ook op demokratiese grondslag berus, en wat deur die vuur van opoffering en lyding so geheilig is dat dit in die hart van die Afrikanerdom bly leef het en vandag net so 'n magtige drang by hom geword het as veertig jaar gelede. **Dis hierdie stelsel, na omstandighede gewysig en verbeter, waarop ons veilig kan en moet voortbou."**

## MIDDEL TOT ONDERWORPENHEID

'n Mens wil vra: wat moet die omstandighede wees wat dit moontlik sal maak dat mense wat die bostaande „toekomsbeleid" aanvaar het, dit weer sal aanvaar as praktiese beleid? Want tot tyd en wyl daardie omstandighede opdaag, sal 'n groot deel van die volk glo dat die parlementêre stelsel „wat ons geërf het" maar blymoedig verdra moet word „by gebrek aan iets beters" — **sonder om na te dink dat die parlementêre stelsel nie geërf is nie, maar aan ons volk in sy nederlaag opgedring is as 'n instrument tot ewigdurende onderworpenheid.**

**En watter hoop 'n volk het op voortbestaan wanneer hy ewers „blymoedig moet verdra" wat dit vir hom onmoontlik maak om vraagstukke op te los wat aan sy wesentlike bestaan knaag, kan ons nie sien nie.** Daar word geredelik erken — selfs deur die partypolitieke leiers self — dat die naturellevraagstuk alleen dan opgelos kan word wanneer dit uitgelig is uit die „partypolitieke arena" sodat die volksverteenwoordigers „vrygemaak kan word van die tirannie van die partysweep" — soos dr. Malan dit twee jaar gelede gestel het. Maar terselfdertyd word die volk onder die indruk gebring dat hy hierdie „erfenis" maar blymoedig moet dra.

**'n Staatstelsel is nie 'n weelde soos pyprook wat 'n mens maar blymoedig kan verduur wanneer die gebruik daarvan vir jou nadelig is nie. Die doel van enige stelsel is om as middel tot vooruitgang te dien — dit moet juis vraagstukke oplos en euwels uit die weg ruim — nie vraagstukke vererger en self voortleef as 'n euwel wat blymoedig verdra moet word nie. As dit nie aan sy doel beantwoord**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**nie, eis die volksbelang dat dit verwyder moet word. Of watter boer sal 'n skaaphond maar blymoedig agter sy vee verdra, indien daardie hond nie net alleen die skape in die steek laat nie, maar hulle met sy eie tande verskeur? Dan is hy geen skaaphond nie. En 'n regeringstelsel wat geen regering moontlik maak nie, dog net groter chaos veroorsaak is geen regeringstelsel nie, dog 'n euwel wat net so beslis opgeruim moet word as die vraagstuk van, sê, gemengde huwelike.**

# DEVALUASIE — WAT DIT BETEKEN

**Op 18 September het Suid-Afrika sy pond met 30.5 persent gedevalueer. In terme van goud is die waarde van ons £ nou dieselfde as as die waarde van 38 grein goud terwyl dit vroeër die waarde van 55 grein goud gehad het. Terwyl die prys van goud vroeër £8 12s. 6d. per fyn ons was, is dit nou £12 10s. 0d. m.a.w. £8 12s 6d. x $\frac{100}{69.5}$. Hierdie optrede het saamgeval met devaluasie deur 21 ander lande, waarvan die vernaamste, uit 'n Suid-Afrikaanse standpunt, Brittanje en die ander statebondlande was. Hierdie lande het nie almal eweveel gedevalueer nie; bv. Italië het die internasionale waarde van haar geldeenheid met slegs 11 persent verminder en België haar geldeenheid met ongeveer 12½ persent. Die 22 lande kan as die swakvaluta-lande bestempel word. D.w.s. hulle het gedurig tekorte op hulle betalingsbalanse gehad teenoor die dollarlande, sodat hulle geldeenhede nie vryelik inwisselbaar was nie. Die dollarlande, of m.a.w. die sterk-valuta-lande het nie gedevalueer nie, met uitsondering van Kanada; maar in sy geval was die mate van devaluasie slegs 10 persent.**

## DIE NUWE WISSELKOERSE

In algemene terme kan ons dus beweer dat die swak-valutalande gedevalueer het, en die sterk-valuta-lande nie. Gevolglik het die wisselkoerse tussen die eerste kategorie van lande onderling nie verander nie (behalwe natuurlik in die geval van lande soos België en Italië). D.w.s. die Suid-Afrikaanse £ het nog op internasionale gebied dieselfde waarde as die Engelse £. Hierdie groep lande se geldeenhede is egter nou minder werd in terme van die sterkvaluta-lande se geld. **Die Britse en S.A. £ is nou slegs gelyk aan 2.8 V.S.A.-dollar, terwyl dit voor 18 September 4.03 was. Die pryse van Amerikaanse goedere wat deur S.A. en Brittanje ingevoer word, gaan ooreenkomstig verhoog.** 'n Paar Amerikaanse Nylon-kouse wat voorheen 14/- gekos het, sal nou 14/- x $\frac{100}{69.5}$ of ongeveer £1 kos. Die besondere prysstyging in iedere geval sal natuurlik afhang van die prys waarteen handelaars die goedere invoer, en hoeveel wins daar in die prys van elke artikel ingesluit is, en of die Amerikaners nie hulle dollarpryse gaan verlaag nie. Indien die Britte nie die pryse van hulle uitvoerprodukte gaan verhoog nie, behoort hulle goedere nog teen dieselfde pryse as voorheen aan Suid-Afrikaanse kopers verkoop te kan word.

## WAAROM DEVALUASIE?

**Die rede waarom S.A. en die ander lande gedevalueer het, is voor-die-hand-liggend. Hulle wil hul internasionale rekening in orde bring. Hulle wil die tekorte op die betalingsbalanse verminder of laat verdwyn. Hierdie tekorte is veral dollartekorte.** Die V.S.A. voer naamlik gedurig meer uit as wat sy invoer, met die gevolg dat ander lande nie genoeg dollars kan verdien met hulle uitvoere om vir hulle invoere uit die V.S.A. te kan betaal nie. Hulle goudreserwes raak op, en hulle kan nie verwag dat Amerika gedurig presente sal uitdeel nie.

**Hierdie is die eerste van twee artikels oor die betekenis en gevolge van devaluasie, wat spesiaal opgestel is vir Die O.B. deur ons ekonomiese medewerker.**

**Meegaande artikel behandel die betekenis van devaluasie en die gevolge daarvan meer bepaald ten opsigte van Brittanje. In die volgende artikel word die gevolge bespreek met betrekking tot Suid-Afrika.**

Hierdie laaste opmerking geld veral vir die Europese lande wat Marshall-hulp ontvang. Suid-Afrika kry van Amerika geen presente nie. Erger nog, hulle wil nie eers aan die Unie 'n lening op 'n gesonde kommersiële grondslag toestaan nie. Waarskynlik moet dit toegeskrywe word aan onkunde en vooroordeel. Suid-Afrika se reserwes het egter opgeraak, vanweë alte weelderige invoerbedrywighede wat gedeeltelik ook toegeskrywe kan word aan die sekondêre uitwerking van die oormatige toevloei van vluggeld gedurende 1947 en 1948.

Devaluasie behoort nou die internasionale rekening op die volgende manier te beïnvloed. **Die debiete sal moontlik verminder omdat goedere wat ingevoer word vanuit lande waarvan die geldeenhede op pari gebly het of minder gedevalueer het, nou duurder word. Waar binnelandse goedere en invoere vryelik konkurreer op die grondslag van pryse, sal die bevolking nou miskien liewer die binnelands-geproduseerde artikels wat minder kos, koop.** Waar die invoere nie vervangbaar is nie, soos in die geval van grondstowwe, en hierdie bogenoemde meganisme nie in werking kan tree nie, kan daar nou miskien 'n verskuiwing plaasvind t.o.v. die lande waarvandaan die produkte ingevoer word. Dit is veelal van belang met die huidige tekorte aan dollars. Amerikaanse goedere word nou duurder, sodat S.A. en Brittanje bv. nou liewer hul invoerbehoeftes bevredig deur te koop in lande wat saam met die betrokke lande gedevalueer het.

Aan die kredietkant word die hoop gevestig op 'n toename in die uitvoere. Suid-Afrikaanse en sterling-goedere word nou goedkoper in terme van dollars. 'n Artikel uit hierdie lande waarvoor die Amerikaner vroeër 4 dollar moes betaal, kos hom nou slegs 2.8 dollar. **Moontlik sal dit die uitvoere na Amerika so stimuleer dat die totale dollarverdienste baie sal vermeerder.**

## HOE SAL BRITTANJE DEUR DEVALUASIE BEVOORDEEL WORD?

Aangesien Brittanje altyd in die middelpunt van die dollartekortprobleem gestaan het, en aangesien die devaluasie waarskynlik op sy inisiatief plaasgevind het, sal dit van belang wees om te weet of die jongste optrede op monetêre gebied sy probleme gaan oplos.

Die dollartekort van die hele sterlinggebied was £239 miljoen gedurende die eerste helfte van 1949, of ongeveer £480 miljoen per jaar. Hierin het Brittanje die leeue-aandeel gehad. Die ander lede van die sterlinggebied se dollarpoel is Australië, Nieu-Seeland en die Britse kolonies en oorsese besittings. (Sedert einde 1947 is Suid-Afrika nie meer 'n lid nie, nadat die goudlening aan Brittanje toegestaan is). **Die vraag is nou, sal die invoere vanaf dollarlande sodanig verminder as die uitvoere na dieselfde lande sodanig vermeerder dat die gaping gevul gaan word?**

Dit kan al dadelik gesê word dat Brittanje nie nodig had om devaluasie te gebruik om invoere in te krimp nie, aangesien die markmeganisme van betreklike pryse lankal nie meer in hierdie verband funksioneer nie. Invoer is onder staatsbeheer en slegs die allernoodsaaklikste goedere is vanaf Amerika ingevoer, soos grondstowwe en voedsel wat nie in ander lande bekombaar was nie, of waarvan die pryse soveel laer was as in ander lande dat dit byna geklik sou wees om nie die Amerikaanse produk te koop nie. Brittanje en sy mede-lede in die sterlingdollarpoel is ook al geruime tyd besig om die invoere uit dollarbronne te verminder, en sal daarmee voortgaan. Gegewe dat dollarpryse dieselfde bly, sal die Britte nou 44 persent meer £e vir dieselfde hoeveelheid goedere as vroeër betaal. M.a.w. al sou die volume invoere uit dollarbronne met ongeveer 30 persent verminder, sal Brittanje nog dieselfde aan £'e as voor devaluasie vir hierdie

(vervolg op bls. 3 kol. 4)


## O.B.-DAG FUNKSIE

*AANDAG MEDE-AFRIKANERS!*

O.B.-dag-funksie word gehou **SATERDAG, 8 OKTOBER, in die Dorpsaal, Despatch, vanaf die oggend 11-uur tot die aand 11-uur.**

As **Hoofspreker** sal optree **PROF. DIRK VAN ROOY**, wat die aand sal praat.

Ons roep al die omliggende kommando's asook alle Republikeine om saam met ons te kom feesvier en te kom luister na 'n ware groot Republikein.

**Kom seker en eet lekker boerkos, braaivleis, ens., en kom speel saam die ou lekker boerespeletjies.**

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 28 SEPTEMBER 1949

# SPORE VAN „SWART SUID-AFRIKA"

deur F. DE LA R. HENNING

„. . . . en broeders, ek vra julle, bly tog bymekaar; laat die trekke nie uitmekaar gaan voordat ons terug kom nie." Dit is woorde wat nog vars in die geheue is van die mense wat daar staan, oorkant die Tugela in Natal, terwyl hulle die man wat dit gespreek het en sy kommando, vaarwel toewink op hulle reis na die hoofstad van Dingaan.

Pieter Retief met vier-en-sestig van sy beste manne en dertig kleurlinge is op pad om die vee wat Sikonjella van die Soeloes gesteel het, en nou deur die Trekkers teruggevorder

## Ons Nuwe Vervolgverhaal

**„Spore van Swart Suid-Afrika", ons nuwe vervolgverhaal, is 'n vertelling uit 'n gedeelte van ons volksgeskiedenis wat vanjaar veral veel aandag geniet. Dit is geskryf deur Oom Henning, voormalige bestuurder van ons vakansieoord op Majuba.**

is, aan die Soeloe-koning te gaan oorhandig en die vervulling van sy belofte te eis, naamlik dat hy by die lewering daarvan die landstreek Natal aan die Trekkers sal afstaan.

Gerrit Maritz het hulle diep in gedagte agterna gestaar. Toe hy omdraai en deur die laerpoort die laer instap, was sy gedagtes nog vasgewikkel met die ernstige besprekings van die krygsraad en hoe ernstig Retief op die noodsaaklikheid aangedring het dat hy self die vee aan Dingaan moet gaan afgee met manne wat hom vrywillig sal vergesel.

Sy eie voorstel om net met 'n paar man die vee weg te neem, mits die Soeloe-koning moordgedagtes in sy kop sou kry, asmede die voorstel van Karel Landman, dat Dingaan in kennis gestel moet word om die vee self hier aan die Tugela te kom haal, is deur dié van Retief, wat immers die hoof van die trekke in die noorde is, uitgestem.

„Neef, ek dink Dingaan soen Retief se voete as hy die troppe vee sien. Dis sommer alles bog die bangmaakstories van die ongeluksprofete. . . . "

Met die verbygaan by een van die watente kon Maritz nie help om hierdie gesprek aan te hoor nie. Die woorde wat hy reeds gehoor het, het hom diep en seer getref. Hy is die man wat gewaarsku het teen Dingaan se sluheid en onbetroubaarheid — hy is dus 'n ongeluksprofeet.

Onwillekeurig luister hy 'n oomblik langer.

„More vertrek ek saam met Botha. Ons het 'n vrugbare stuk aarde laer af langs die Bloukransrivier. Prinsloo met sy familie gaan ook glo in die rigting.

„Sou dit nie raadsaam wees om te wag totdat Retief teruggekom nie, neef? Hy het tog 'n spoedige terugkoms beloof."

„Maar waarom wag totdat hy terugkom as dit spoedig sal geskied? Ons gaan mos nie geheel en al buite almal se bereik nie, intussen is ons nie so opmekaar saamgehoop nie, en het ons beter weiveld vir die vee ook."

„En as ons miskien aangeval word?"

„Wie sal ons aanval? Die Soeloes uit dankbaarheid omdat hulle die vee terug gekry het? Moet nie jy ook met spookstories begin nie. En as dit miskien tog gebeur, dink jy nie Retief sal wel 'n plan maak om ons betyds te waarsku nie?"

Maritz sug. Dis 'n man wat goeie raad nie kan waardeer nie en almal daardeur ongelukkig stem. Hy sal egter met Prinsloo en Botha self gaan praat om af te sien van hulle dwase voorneme. As hierdie laer in klein groepies gaan verdeel sal 'n Soeloe-aanval noodlottig wees.

Maar hierdie goeie bedoelings van Maritz het geen vrug afgewerp nie. Al sy pogings om die laer as 'n eenheid sterk te hou, misluk. Huisgesinne, bestaande uit 'n paar waens elk, het eenvoudig koers gekry na die vrugbare oewers van die Bloukrans- en Boesmansriviere.

Behalwe vir twee klompe waens 'n paar myl uitmekaar wat liewer verkies het om versigtig te wees en wat ook twee afsonderlike laers getrek het, was daar nie juis ander verdedigbare afdelings nie. Maritz se geselskap het een van hierdie laers gevorm; en sy weerbare mannetal het 'n paar in die dertig getel.

Die waens is so in 'n sirkel getrek met die disselboom van die een onder die buik van die ander en stewig met kettings aanmekaar vasgekoppel. Die openinge onder die waens is dig versper met doringtakke en oor die watente is wilds- en beesvelle gespan as beskerming teen assegaaie.

En so het die trekkers gewag op die hopelik spoedige terugkoms van Retief en sy manne. Sommige heeltemal gerus — ander versigtiger.

Maar die dag van sy terugkoms breek nie aan nie. Elke dag dat hy langer wegbly het meer sorge vir die onveilige toestand waarin die trekkers hulle bevind het, gebaar. Maritz het tekens van ongeduld begin toon, juis oor die onveiligheid van sommige waens, en die feit dat Retief lank reeds kon terug gewees het. Wat is die fout? Is dit ongeluksprofetieë in hierdie onsekere toestand as jy nie meer seker is wie om te verwag nie — Retief-hulle of die Soeloes? Waar is Retief-hulle? Verkenners wat buitengewoon ver uitgestuur word kom saans die laer binne met 'n skouerophaling: „Geen taal of tyding."

Maar selfs hierdie marteling sou eindig. Met dankbare uitroepe word geweerskote in die verte verneem vroeg die oggend van die 17 Februarie:

„Dit is Retief se vreugdeskote", het dit deur diegene wat dit gehoor het se gedagtes geblits. Ook die wagte van die twee laers het dit gehoor. Dit was nog baie vroeg — skemerdonker. Die laers slaap nog rustig.

Die wag by die ander laer, dié van van Rensburg, wat oor agtien weerbare manne beskik, wat lank reeds die aanhoudende skote in die verte verneem, sit nou skielik orent. Hy het 'n snaakse rumoer tussen die geweerskote deur verneem. Maar gelyktydig met dit bemerk hy 'n beweging in die skemerte hier vlak voor hom — die beweging van 'n menslike gedaante. 'n Oomblik later herken hy die gestalte van 'n wit seun. Met hartverskeurende stem strompel jong Frikkie Bezuidenhout die poortwag tegemoet: „Al ons mense is vermoor, die Soeloes kom vinnig aan! Ek sal al die ander laers hoër op teen die rivier ook gaan waarsku!"

Die wag staan 'n oomlik asof verstom. Maar die rumoer in die verte is onmiskenbaar bewys van wat gebeur. Nou hoor hy ook die hulpgeroep van mense bo die rumoer opstyg.

Hy skiet die laer binne en die volgende oomblik dring sy onheilspellende boodskap deur elke watent: „Wapens, wapens, die Soeloes storm op ons laer af!"

Half-gekleed maar goed bewapen is enkele manne spoedig by die laerpoort. Voor die aanstormende Soeloes merk hulle die aanstrompelende liggaam van 'n wit man. Etlike hardloop hom te hulp en dra sy feitlik kragtelose liggaamn die laer binne. In sy liggaam steek nog twee assegaaie. Jan Oosthuizen kyk om hom heen. Met moeite kom sy laaste woorde: „Vriende, ons afdeling is uitgemoor. Ek wou julle kom waarsku en het daarin geslaag. Here wees my sondaar genadig."

(Word vervolg.)

# BAIE OU KUNS

Pottebakkery is een van die oudste kunste wat deur die mensheid beoefen is. Tekens hiervan vind ons so ver terug as 4,000 jaar voor Christus. Die geskiedenis gee geen verslag oor wanneer die kuns eintlik tot sy bloei gekom het nie, maar mens vind die eerste geskrewe verslag waar die mens van klei gebruik gemaak het, in Genesis by die bou van die Toring van Babel. Dit word vermoed dat die mens die kuns om mandjies te vleg reeds meester was toe hy dit aangedurf het om 'n gebruiksartikel uit klei te vervaardig.


Egipte, Griekeland, Babilon, Sjina en baie ander van die ou beskawings bied interessante stof op hierdie gebied. Ook in ons eie land het die naturelle hierdie kuns beoefen en word hierdie potte wat van klei gemaak en in die vuur hard gebak is, nog algemeen in die naturelle-gebiede gebruik. Mens verbaas jou soms oor die behendigheid en kunstig-gevormde bakke en potte wat die naturelle vervaardig sonder dat hulle enige opleiding gehad het.

In Oos-Afrika word hierdie bedryf deur die regering onder die naturelle aangemoedig en ontvang hulle voorligting van die Industriële Navorsingsraad. Die bedryf het reeds soveel vordering gemaak dat hulle daarop aanspraak maak dat hulle in staat is om met Brittanje in hierdie bedryf mee te ding.

## FOTOS

**Op die linkerhandse foto is 'n inboorling besig om potte in die oond te bak terwyl een van sy helpers (regs) besig is om suikerpotjies wat klaar gebak is in 'n vloeistof te steek wat 'n glans aan die potte gee.**





# VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

**SEPTEMBER**

30 Hendrik Pretorius, Frankfort, O.V.S.
Elizabeth van Rensburg, Kakamas.
Ernest van der Merwe, Paarl.
Dina Nortjé, Koster.

**OKTOBER**

1 Hermanus Bezuidenhout, Potchefstroom.

2 Martha Engelbrecht, Groot Marico.
Anna van Wyk, P.K. Boshoek, Oor Rustenburg.
Susara Coetzee, Bosbokrand.
Wilhelmina Swart, P.K. Rust, Tvl.

3 Zacharias Jacobs, Oor Vaalwater.
Stephanus Venter, Oor Groot Marico.
Maretha Retief, Wellington.
Eliana du Toit, Paarl.
Martha Fourie, Stutterheim.

4 Hitler Niemand, Oudtshoorn.
Estelle von Wielligh, Paarl.
Petronella Wagener, Oudtshoorn.
Dorothea Mynhardt, Vryburg.

5 Nancy van Zyl, Paarl.
Inez Eksteen, Franschhoek.

6 Jacobus Kuhn, Robertson.

# Messel 3,000 Stene Per Dag

'n Messelaar in Pretoria, mnr. ?. G. van Schalkwyk, maak laarop aanspraak dat hy 3,000 tene per dag kan messel—dit vil sê tienmaal soveel as wat bouers in die afgelope jare van meeste van hul messelaars verkry het.

In die loop van 23 werksweke het mnr. van Schalkwyk 68,500 stene gemessel wat 'n gemiddeld van byna 3,000 gee. Hy het egter toegegee dat die prestasie behaal is onderwyl hy aan 'n fabriekskoorsteen gewerk het, waar dit vlotter kan toegaan as in gewone messelwerk. Hy is nogtans gewoond om 2,500 stene per dag te messel in 'n gebou.

'n Goeie ambagsman word beskou as in staat te wees om 1,000 stene per dag te messel.

# UNIE BEKROON GESKENK VAN £30 MILJOEN MET PASELLA VAN £5½ MILJOEN

**'n Paar dae voor die aankondiging van devaluasie het Brittanje die laaste £12 miljoen van die Suid-Afrikaanse goudlening aan die Unie terugbetaal in sterling. Indien met hierdie terugbetaling gewag is tot verstryking van die termyn oor 18 maande, sou Engeland ongeveer £18 miljoen moes betaal het. Die Unie het die geld op hierdie tydstip nie nodig gehad nie.**

Hierdie feit beklemtoon die groot skade wat Suid-Afrika gely het met die goudlening aan Brittanje. Die lening is 'n paar jaar gelede deur sowel die regering as die destydse opposisie goedgekeur. Ons sou Brittanje £80 miljoen se goud leen vir drie jaar, en indien ons dit voor die tyd opvra, hoef Brittanje nie in goud terug te betaal nie, dog in sterling. Dit was op daardie tydstip reeds duidelik dat Suid-Afrika ook 'n krisis in sy betalingsbalans tegemoet gaan. Die O.B. was die eerste om op die gevaar te wys, maar eers veel later het die politici van die gevaar bewus geword.

### ONNODIG

Die gevolg was dat Suid-Afrika al heel spoedig terugbetalings moes aanvra wat Brittanje gretiglik in sterling terug betaal het. **'n Paar dae voor devaluasie was hy nog £12 miljoen verskuldig, en ondanks die feit dat Suid-Afrika 'n sterlingbalans van meer as £4 miljoen aan die begin van die week gehad het, het Brittanje sy laaste £12 miljoen in sterling terugbetaal en het Suid-Afrika 'n skade van byna £6 miljoen gely.** Na berig word, het Suid-Afrika die betaling aangevra, maar waarom dit gedoen is, is nie duidelik met die oog op die gunstige balans wat die Unie op daardie tydstip gehad het nie.

### „RENTE"

**In geheel het die Unie deur hierdie „liefdesblyk" byna £35 miljoen skade gely. As hy die goud behou het, was dit vandag ongeveer £115 miljoen werd in sterling. Ons skade is tewens Engeland se wins. Ons goud kan hy nou onmiddellik in enige sterling-land verkoop vir £115,000,000 en so 'n lieflike rente van £35,000,000 verdien vir geld wat hy van iemand anders geleen het, en volgens besigheidsbeginsels eintlik rente op moes betaal het.**

## Suid-Afrika Barmhartige Uitsondering

**Nie alle lande was so goedhartig teenoor Brittanje as Suid-Afrika in verband met devaluasie nie. Etlike lande, onder wie Argentinië, Portugal en Persië, het vooraf geëis dat Brittanje hulle moet vergoed vir skade wat hulle kan ly ten opsigte van hul sterlingbalanse.**

**In die geval van Portugal, wat self gedevalueer het, moes Engeland sy sterlingbalans van £70 miljoen opskuif na £101 miljoen, terwyl Persië op sy £40 miljoen 'n bykomende £17½ miljoen ontvang het.**

**Suid-Afrika daarenteen het Brittanje „tegemoet gekom" deur die onnodige opvraging van die laaste £12 miljoen van die goudlening as gevolg waarvan Suid-Afrika 'n verlies van byna £6 miljoen gely het.**

## GEEN LENING

Mnr. N. C. Havenga, Minister van Finansies, het verlede week uit Amerika vertrek sonder dat hy daarin geslaag het om 'n dollar-lening vir die Unie te bewerkstellig. Hy kon wel lenings kry, maar die voorwaardes was te vernederend om te aanvaar, het mnr. Havenga gesê.

## REDE TOT ONRUS?

Die feit dat die Engelse aan veldm. Von Manstein 'n Jood as advokaat opgedring het in 'n saak waarin die beskuldigde aangekla staan van „moord op Jode" het nie net in Duitsland verbasing gewek nie maar ook in Joodse kringe. The Jewish Herald merk in hierdie verband op:

„Het dit in die gedagte van Von Manstein se Joodse verdediger opgekom dat sy eie vader behoort het tot die soort wat met uitwissing bedreig was? Silkin self is 'n Engelse Jood van die eerste geslag. Sy vader wat 'n paar jaar gelede oorlede is, is van Oos-Europa afkomstig. . .

„Mens wonder of Von Manstein, indien hy bewus is van hierdie feite, gerus sal voel oor sy verdediger," aldus die Jewish Herald.

# PARTYE OORWEEG HUL MARKWAARDE NA DEVALUASIE

**Die politieke partye van Brittanje staan gereed om die grootste mate van munt te slaan uit die devaluasie van die pond. Volgens berig in die Engelse pers word verwag dat die regering nog voor die einde van die jaar 'n verkiesing sal uitskryf om sy wankelende posisie te red solank die yster nog gesmee kan word. Die berig voeg daaraan toe dat dit verstandige politiek sal wees om nie 'n partystryd oor die pond te voer nie, maar dat dit tog sal gebeur as die regering binnekort 'n verkiesing uitskryf, soos verwag word.**

Die Arbeidersparty se posisie het in die afgelope vier jaar van sy bewind — na 'n reuse-oorwinning in 1945 — dermate verswak dat daar nie aan 'n oorwinning vir hom aanstaande jaar gedink word nie. Deur nou 'n haastige verkiesing uit te skryf solank die onmiddellike vrugte van devaluasie gepluk word, word gehoop dat hy vir nog vyf jaar in die saal sal kan bly — **al sou die volk hom normaal weg aanstaande jaar verwerp het. Dit is glo demokrasie!**

Ook in Suid-Afrika word die partypolitieke voordele in die lig van devaluasie geweeg. Volgens Die Burger het dr. T. E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake en waarnemende Minister van Finansies, gesê dat „devaluasie van die pond die wind volkome uit die seile van die Sap-propaganda geneem het."

## Duitse Regering Onder Toesig

Met die samestelling van die eerste na-oorlogse Duitse regering verlede Woensdag is die militêre bewind oor Wes-Duitsland beëindig na meer as vier jaar. Dit beteken egter nog geen volkome onafhanklikheid vir Wes-Duitsland nie. Die regering staan nog steeds onder Geallieerde toesig deur middel van 'n kommissie van hoë kommissarisse wat die mag het om enige pers-, radio- of vermaaklikheidsbedrywigheid te staak wat as nadelig vir die besettingsmagte beskou kan word.

Die instelling van die nuwe regering herinner aan die feit dat daar nog geen formele vrede met Duitsland gesluit is nie. Weens die halvering van Duitsland tussen die Westerse moondhede en Rusland is dit hoogs twyfelagtig of daar ooit tot 'n blywende vredesreëling oorgegaan sal kan word. Sake het so heel anders uitgedraai as wat die oorwinnaars-kamerade in hul vriendskapsroes in Potsdam belowe en bereken het.

# Amptelike Program Van Fees

**Die amptelike feesprogram vir die inwyding van die Voortrekkermonument is verlede Saterdag bekend gemaak. Daarvolgens sal dr. D. F. Malan, veldm. J. C. Smuts en min. N. C. Havenga, onderskeidelik leiers van die H.N.P., die V.P., en die A.P., die toesprake op 16 Desember hou. Dr. Malan sal die onthulling waarneem wat sal bestaan uit die opening van die deure van die monument deur lede van die Voortrekker-organisasie op 'n wenk van die spreker, en wat gepaard sal gaan deur orrel-klokkespel wat oor die radio uitgesaai sal word. Kerkklokke oor die hele land sal dan ook lui.**

Die diens die oggend sal waargeneem word deur prof. J. C. van Rooy, dr. A. J. van der Merwe en ds. A. J. G. Oosthuizen.

Op die voorafgaande dae sal die volgende sprekers optree: dr. E. G. Jansen, mnr. J. E. Reeler, prof. H. B. Thom, dr. D. F. Malherbe, dr. C. F. Visser, dr. T. J. Hugo en dr. W. J. P. Erlank.

Koorsang, volkspele, historiese voorstellings en die fakkelloop vorm deel van die verrigtings.

Die aankondiging van die program lui dat dit 'n „algemene volksfees sonder formaliteite" sal wees en dat alle blankes welkom is.

'n Beroep word gedoen op deelnemers om „'n hoë mate van verantwoordelikheidsbesef uit te leef sodat die waardigheid van die fees enduit gehandhaaf sal word."

# Onaanneemlike Redes Vir Pasella

**Die Waarnemende Minister van Finansies, dr. Eben Dönges, het ter verklaring van die regering se buitengewone stap om die hele goudlening op te vorder 'n paar dae voor devaluasie en daarmee 'n skenking van £5½ miljoen aan Brittanje te doen, gesê dat daar twee oorwegings voor was.**

Ten eerste kon Brittanje die stroom Britse kapitaal wat in die afgelope tyd weer begin vloei het na die Unie, stopsit en devaluasie uitstel, sodat die Unie verplig sou gewees het om tog maar die lening op te vra. Ten tweede was die Unie meer begerig as Brittanje om te devalueer, en het hy dus besluit om deur die opvraging „Brittanje tegemoet te kom en hom aan te moedig om tot devaluasie oor te gaan".

**Dat hierdie redes nie baie aanneemlik is nie, is duidelik. Dit is selfs minder eerbare redes, veral die eerste, want dit kom eenvoudig daarop neer dat Brittanje £5½ miljoen van die Unie met 'n pistool teen sy kop geëis het. Hy sou ons dan verwurg het deur die afsnyding van die kapitaalvloei indien ons nie die £5½ miljoen wou gee nie!**

### SY EIE BELANG

**Engeland het nie gedevalueer omdat dit in belang van Suid-Afrika was nie, maar dit was die enigste uitweg vir hom in sy eie belang. Terwille van £5½ miljoen sou hy nie sy eie keel laat afsny het. Dit het Argentinië, Portugal en ander lande geweet en daarom vooraf waarborge geëis dat geld wat die Britte hulle skuld nie in waarde sal verminder nie, en hulle het dit gekry! Maar Suid-Afrika het besluit om maar liewer te gee, want, foeitog, die ou Moeder!**


:92



*ná die*

***TENNISSPEL . .***

Wanneer die raket weggebêre word, kan u die persoonlike frisheid van ledige uurtjies herskep met K.W.V.-Eau de Cologne en die verruklike geurigheid van K.W.V.-laventel.

# KWV


***Eau de Cologne***
EN
***Laventel***

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders: H. J. Niehaus (Edms.) Beperk, Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.


***Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."***


G 24029




# Rook SPRINGBOK Medium

DIE GELUKKIGE KEUSE


„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.